
Hiermee die voorwoord en eerste hoofstuk van my boek




Hierdie artikel (hoofstuk 1) word gratis uitgestuur met die gebed dat dit tot seën en bemoediging vir julle almal sal wees wat dit lees. Dit mag vrylik as 'n geheel gekopieër word en na familie en vriende gestuur word so ver as wat dit kan gaan.

Howel, sou U dalk die volledige boek self wil bekom kan U dit direk van my webwerf as e-boek bestel: www.henryjackson.online

... of as gewone boek van Magda Du Plessis bestel. Haar kontak besonderhede is soos volg:

Epos: dieboomzas@gmail.com

Sel nommer (+27)823213236

# VOORWOORD

Dit sal waar wees om te sê dat die meeste mense graag sukses in hul lewens wil behaal. Tog bereik die meeste mense nooit hierdie ideaal nie. Drome bly maar net drome. Ek het lank hieroor getob. Wat is die verskil tussen sukses en gemiddeldheid of mislukking?

Ek het gesien hoe sommige geleerde mense suksesvol is, terwyl ander weer jammerlik faal. Die rykes en die edeles volg dieselfde patroon. Dan onverwags vind jy tussen die armes en die onkundiges en skynbaar onbelangrike mense diegene wat nooit uit hul toestande kan opstaan nie, terwyl ander weer na groot hoogtes styg. Dit laat my saam met Salomo sê: *"Sukses hang nie net af van mense se agtergrond, nasionaliteit of voorsprong by geboorte nie – hoewel hierdie dinge wel op die ou einde kan help."* Sukses is ook geensins afhanklik van geluk nie!

Wat is dan sukses se geheim en hoe kan ons dit bereik? Hoekom is dit so dat terwyl almal na sukses streef, slegs enkeles dit bereik terwyl die res hopeloos misluk om die geheim te ontrafel? Wat is sukses?

Ek wil my bevindings in alle nederigheid voor u lê en ek vertrou dat hierdie boek die geheimenisse van die Skrif aan u sal openbaar. Ons moet nie slegs hierdie waarhede begryp nie, maar dit navolg – dan sal ons lewens verbeter en ons besighede en sake-ondernemings sal floreer; ons gemeenskappe sal onomkeerbaar ten goede verander en geseënd wees.

In 'n oseaan van gemiddeldheid waar mense van die hand-na-die-mond lewe, is daar pêrels te vinde wat verborge is en in modder en vuilgoed begrawe lê. Daar is reuse wat nog sluimer

en slaap; leeus, wat dink hulle is skape; konings wat soos armlastiges leef; eikebome wat hulle as klein bossies voordoen.

In hierdie donker wêreld moet ons hierdie pêrels uitlig om lewens te leef en uit die modder van hierdie wêreld op te staan. Hierdie reuse moet wakker gemaak word en die verhewe lewens leef wat vir hulle bestem is, en die groot en edel dinge doen waarvoor YHWH hulle geroep het. Ons het nodig dat hierdie konings met regverdigheid sal heers, en dat die eikebome majestueus en suiwer sal uittroon sodat almal dit kan bewonder en van ver af kan sien. Ons het mans nodig wat waarlik manlik is. Ons het vroue nodig wat in skoonheid en heiligheid voor YHWH leef.

My vriend, of jy dit nou glo of nie, **JY** is daardie man, **JY** is daardie vrou. Die wêreld het nodig dat **JY** sal opstaan en sê: *"Genoeg is genoeg. Ek gaan my lewe verander en die lewe leef wat YHWH vir my bestem het!"* Ons almal het **JOU** nodig!

Hierdie boek is oor die algemeen geskryf vir mans, maar die beginsels hierin kan universeel toegepas word. Die outeur skryf vanuit die oogpunt van die algemene handelaar, die vervaardiger, die boer, die myner – gewone mense wat hy as waardevol ag. Die leser moet maar verskoon indien hierdie mense voorkeur gegee word in hierdie boek.

# *Hoofstuk 1*

# WAT IS SUKSES?

Vra verskillende mense wat sukses is, en jy sal verskillende antwoorde kry. Die armlastige sal sê sukses is geld – sommer baie geld*! "O, hoe sal ek nie wil rol in al die geld nie!"* sal hy uitroep. Hy sal in detail ingaan oor hoe hy die geld sal spandeer; al die goed wat hy daarmee sal koop en die reise wat hy sal onderneem. Natuurlik sal hy ook die armes wil help om hul lyding te verlig.

Die siek man sê dat geld niks beteken nie. "As ek net gesond kan word," sal hy snik. "Om net weer jonk te wees! Daar is niks anders wat ek na smag nie. As ek net weer my gesondheid kan terugkry!"

Die eensame man sê op sy beurt, *"As ek net 'n vriend gehad het, iemand wie ek kan vertrou."* Die honger man sê, *"Gee vir my kos, ek is honger, heerlike voedsame kos!"* Die man met asemhalingsprobleme sê, *"Gee my vars lug, dat ek my longe kan vul met die suiwer koel lug."* Die gevangene sê, *"Gee my vryheid terug. Dit is al wat ek vra."* Die vaal vroutjie sê, *"Gee my skoonheid."*

Die onvrugbare vrou verlang reikhalsend na 'n baba van haar eie. Die vroeë skoolverlater vra vir 'n helder verstand. So sal die lys aangaan van mense wat ontevrede is met hul situasie en hul lewens. *"As ek net 'n ander velkleur gehad het!"; "As ek net 'n ander opvoeding gehad het!"; "As ek maar net in Amerika gebore*

*is!"; "As my huwelik net gelukkig kon wees!"* As, as en nogmaals as!

Diegene wat wel die ideale en drome bereik waarna hulle gestreef het, vind uit dat hulle op die ou einde baie ongelukkig is, soos wat die ballonne van hul waandenkbeelde een na die ander om hulle bars.

Hulle almal het die wese van sukses misgekyk. Wat is ware sukses dan eintlik, as hierdie mense se desperate strewes hulle niks in die sak gebring het nie?

## Skrifgedeeltes oor sukses

Kom ons kyk wat sukses is volgens die Bybel. Daarna sal ek probeer om 'n eenvoudige definisie te gee oor hierdie ontwykende ideaal. Ek het die gedeeltes wat iets oor ware sukses sê, in vetdruk geplaas.

| | |
|---|---|
| *Luke 9:46* | *"En daar het 'n redenering onder hulle ontstaan oor wie van hulle dan tog die grootste was.* |
| *9:47* | *"En toe Jesus die redenering van hulle hart opmerk, neem Hy 'n kindjie en laat dié by Hom staan* |
| *9:48* | *"en sê vir hulle: Elkeen wat hierdie kindjie ontvang in my Naam, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het; want wie die kleinste onder julle almal is, hy sal groot wees."* |
| *Matt 18:4* | *"Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele."* |

| | |
|---|---|
| *Mark 8:35* | *“Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red.* |
| *8:36* | *“Want wat sal dit ’n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?* |
| *8:37* | *"Of wat sal ’n mens gee as losprys vir sy siel?”* |
| *Joh 3:36* | *“Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.”* |
| *Joh 10:10* | *“Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.”* |
| *Filp 4:11* | *“...want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.* |
| *4:12* | *“Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.* |
| *4:13* | *“Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.”* |
| *Hand 20:35* | *“Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang.”* |
| *Josh 1:5* | *“Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie; soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie.* |

*1:6* *"Wees sterk en vol moed; want jy sal hierdie volk die land laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee.*

*1:7* *"Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan.*

*1:8* *"Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.*

*1:9* *"Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want YHWH jou God is met jou, oral waar jy heengaan."*

Hoe kan ons nou SUKSES definieer na aanleiding van bogenoemde verse? Ek glo sukses is 'n kombinasie van vyf dinge:

## Vrede met YHWH

Om verseker te wees dat ons sondes vergewe is en dat ons name in die Boek van die Lewe opgeskryf is. Hoe kan ek sê dat ek suksesvol was as ek in die hel opeindig, omdat ek die enigste weg na verlossing geïgnoreer het?

*Heb 2:3* *"Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam?"*

## Vergenoegd in elke terrein van die lewe

Ons skatte lê in die ewige dinge opgesluit en nie in die aardse dinge nie, sodat ons dinge in hul behoorlike perspektief kan sien.

## ’n Nederige benadering tot die lewe

Om sterk genoeg te wees om die minste te wees en nie altyd net erkenning en eie eer na te streef nie – YHWH sien wat ons doen en Hy sal ons in Sy eie tyd beloon en eer. Om onselfsugtig te wees en ander hoër te ag as onsself. Om dieselfde gesindheid in onsself te hê wat in Christus was, wat nie probeer het om aan YHWH gelykvorming te wees nie, maar in alle nederigheid gedien het en Sy lewe vir ons afgelê het *(Fil 2:5-8).*

## Bereiking van ons Godgegewe roeping

Om soos Josua reikhalsend na vore te beur sonder skroom of vrees, na dit waarvoor God ons geroep het. Dat ons eendag op ons sterfbed kan terugkyk en tevrede te wees dat ons ’n betekenisvolle lewe geleef het, dat ons iets *bereik het wat van ewige waarde is.*

## Om ’n gewer te wees

Dit is die kern van sukses – nie net wat ons vir onsself bereik het nie, maar eerder die verskil wat ons in ander mense se lewens gemaak het. ’n Sleutel Skrif hieroor is:

*Mat 5:13* *“Julle is die sout van die aarde...*

*5:14* *“Julle is die lig vir die wêreld...”*

Jesus wil hê dat ons gewers, skenkers en mense van invloed sal wees, wat oral waar ons gaan 'n verskil sal maak; mense wat nie deur die negatiewe dinge van die lewe ondergekry word nie, maar eerder met hoofde omhoog, in nederigheid, voorstap.

## Getuienisse

Hebreërs vertel ons van suksesvolle mense:

*Heb 11:33* *"Wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop,*

*11:34* *"Die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het.*

*11:35* *"Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te kan verkry.*

*11:36* *"Ander weer het die proef van bespottinge en geselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis.*

*11:37* *"Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel –*

*11:38* *"die wêreld was hulle nie werd nie..."*

Hierdie mense het in iets buite hulself geglo, hulle het iets gehad om voor te leef. Party van hierdie mense het hul ideale sien waar word. Party het egter die uiterste prys betaal, hulle het hul

lewens afgelê in diens van hul medemens. Hulle het alles afgelê sodat hulle die uiteindelike doel kon bereik wat YHWH vir hulle gestel het, en hul getuienisse was ’n bron van aanmoediging vir baie generasies na hulle. Hul onselfsugtigheid het die lewens van baie mense verander, ons is die begunstigdes van daardie mense se geloof.

Sonder om die eerste vier belangrike komponente van sukses te ignoreer (dit sal wel deeglik in hierdie studie bespeek word), wil ek graag op die vyfde konsentreer – *om ’n gewer te wees* – om ’n vervulde lewe te leef en ander mense met die goeie te beïnvloed.

Ek het die voorreg gehad om vir ’n paar jaar ten nouste met ’n ouerige paartjie saam te werk wat op hul stil, nederige manier baie mense se lewens beïnvloed het. Hulle het die verworpenes van die samelewing onvoorwaardelik lief gehad. In die vroeë jare van hul bediening het hulle soms sonder die nodige kos en klere gegaan om aan ander se behoeftes te voorsien. Hulle het van hul tyd, van hul geld, van hul huisvesting en alles wat hul gehad het aan die swak en hulpeloses gegee, ongeag hul kleur, of hulle ryk of arm of slim of dom was. Hulle het net gegee!

Watter ryk lewe het hulle nie gehad nie. Hoeveel seën het hulle nie ontvang nie! Watter wonderlike getuienis kon hulle nie lewer nie. In hul eenvoudige bediening het die oë van blindes oopgegaan, dowe mense kon weer hoor. Verlamdes het opgestaan en kon weer loop. Duiwels is uitgedryf en mense het vry geword uit hul gebondenheid. In twee gevalle het dooies opgestaan. Die Evangelie is aan die armes verkondig.

Wanneer jy hierdie mense ontmoet het, was jy beïndruk met hul nederigheid en liefde vir ander mense. Ek dink hulle was suksesvol. Ek dink dat hulle Jesus se woorde eendag sal hoor wat Hy aan elke ware suksesvolle mens sal rig:

*Mat 25:21 “En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer.”*

Ons word te maklik vasgevang in die wêreld se standaarde vir sukses (geld, roem en ander dinge) sodat ons die ware seëninge miskyk wat sukses kan bring. Is die ryk sakeman wat miljoene rande se spoggerige motors en huise besit maar wie se huwelik op die rotse is, werklik suksesvol? Is die beroemde filmster wie se persoonlike lewe ’n gemors is, werklik suksesvol? Is die briljante wetenskaplike wat die wonderlikste elektroniese uitvindings ontdek het, maar sy tyd by die huis in uiterste depressie deurbring, werklik suksesvol?

Is die straatveër wat ’n gelukkige huisgesin het, maar wat finansieel sukkel, werklik suksesvol? Beslis nie! Daar is natuurlik niks verkeerd daarmee om ryk te wees nie, of om beroemd te wees of om slim te wees nie. Dit is alles gawes van YHWH, maar opsigself is dit nie uitdrukkings van sukses nie. Daar is meer aan sukses as net dit. Sukses hang af van die mate waarin ons aan ander kan gee, wat dit ook al mag behels.

Vroeg in my bediening het YHWH my ’n groot, maar eenvoudige les geleer. Ek was predikant van ’n baie klein gemeente in Masvingo, Zimbabwe (voorheen Fort Victoria, Rhodesië), en het ’n klein salaris gekry as ek die maand gelukkig was. My oudste dogter was toe nog ’n baba en ons was platsak.

Twee weke voor die einde van die maand wanneer ek ‘hopelik’ my volgende salaris sou kry, het ek slegs twee dollars oorgehad vir die res van die maand. Dit sou slegs genoeg wees om melk vir die volgende twee of drie dae aan te koop, wat nog van enigiets anders. Daar was ’n klop aan die deur. Toe ek oopmaak staan ’n blinde bedelaar voor my wat smeek vir geld. Ek kon nie

nee sê nie, want ek was te bewus van die twee dollars in my sak. Ek het toe besef dat YHWH besig was om my geloof te toets. Ek het toe maar my laaste twee dollars aan hom gegee en daar gaan hy toe met my geld.


Ek en my vrou het op ons knieë gegaan en tot ons Hemelse Vader gebid. Terwyl ons bid, het daar ’n vrede oor my gedaal. Ek het ’n sekerheid beleef dat Hy vir my sou voorsien. Watter vertroue! Hy was my Vader en ek Sy seun. Ek was gehoorsaam en nou sal ek in Sy voorsienigheid vertrou. Daardie selfde middag maak my vrou die voordeur oop en ontdek ’n koevert wat onder die deur ingestoot was. Dit was ’n groot koevert en kon skaars onder die deur inkom. Dit was vol geld! Dit was meer as wat ek in ’n maand verdien het.

Ek weet nie wie dit daar geplaas het nie, maar vir my was dit ’n geskenk van my hemelse Vader. Ek was geesdriftig met blydskap en het geweet dat Hy met ’n glimlag op my neerkyk.

Is dit nie wat sukses is nie – om verseker te weet dat jou lewe welgevallig is voor jou Hemelse Vader nie? Ek het ’n les geleer: ons moet deel wat ons het (hoe klein dit ook al mag wees) elke keer wanneer die Vader ons daarom vra. Ons moet op Hom vertrou vir al ons behoeftes, want alles behoort tog uiteindelik aan Hom – al die wilde diere van die bos en die vee op berge by duisende (Psalm 50:10, 11). Ons mag nie krampagtig vasklou aan ons kleinlike besittings in ons toe hande nie, maar moet ons hande oopmaak sodat Hy daaruit kan neem wat Hy nodig het, maar ook sodat Hy weer iets daarin kan plaas.

## Hoe kan ek sukses behaal?

Ek het lank hieroor nagedink: hoe kan ek hierdie vraag in eenvoudige, maar duidelike taal beantwoord? Tydens my soeke in die Skrif het ek ’n antwoord gekry wat ek hieronder in ’n eenvoudige illustrasie weergee. Ek glo dat sukses totaal afhanklik is van twee dinge waarsonder dit nie bereikbaar is nie.




Dit mag eenvoudig lyk maar dit is waar. Sukses hang ten nouste saam met hierdie twee dinge. Indien ons heeltyd korrekte besluite neem, en hierdie besluite enduit deurvoer, sonder om daarvan af te wyk, SAL ons sukses behaal.

Moses het die volk van Israel toegespreek,

*Deut 30:15* *“Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, die dood en die ongeluk ...”*

*30:19* *“Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou.* ***Kies dan die lewe****, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag.”*

Let daarop dat vir hulle om te kon leef moes hulle ’n belangrike besluit neem. Hulle moes **die lewe kies** – dan sou hulle geseënd wees.

Josua het aan die volk van Israel gesê om te kies wie hulle wou dien. Hierdie keuse en die uitvoering daarvan, sou die gevolg hê dat hulle geseën word en voorspoed beleef.

*Josh 24:23* *"**Verwyder** dan nou die vreemde gode wat onder julle is en **neig julle hart** tot YHWH, die God van Israel."*

Salomo, een van die wyste mense wat ooit geleef het, waarsku in Spreuke, die Boek van Wysheid,

*Spr 3:31* *"Wees nie afgunstig op 'n man van geweld en **verkies geeneen van sy weë nie."***

Vroeër het hy ook die volgende oor die onverstandige mense gesê:

*Spr 1:29* *"Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van YHWH nie **verkies het nie,**"*

*1:31* *"daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne.*

*1:32* *"Want hulle eie afkerigheid maak die eenvoudiges dood, en hulle eie sorgeloosheid rig die dwase te gronde;"*

Die Bybel wemel van voorbeelde van mense wat besluite moes neem. Sommiges het die regte besluite geneem en die lewe gekies en was geseënd. Ander het die verkeerde besluite geneem tot hul eie nadeel. Elia het op die berg Karmel die volk van Israel versoek om 'n keuse te maak.

*1Kon 18:21* *"En Elía het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die YHWH*

*God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!"*

In Daniël Hoofstuk drie lees ons dat die Hebreeuse jongmense ŉ keuse moes maak om òf voor die goue afgod te buig wat deur koning Nebukadnesar opgerig is, òf om by dít te staan waarin hulle altyd geglo het. Ten spyte daarvan dat hulle in gevaar gestaan het om gedood te word, het hulle besluit om nie in afgodediens te verval nie. Hiervoor is hulle ryklik geseën en hierdie dapper optrede word steeds aan ons voorgehou as ŉ goeie voorbeeld.

Ons moet altyd keuses uitoefen. Dit is iets wat ons nie kan vermy nie. Indien ons besluiteloos is, sal *ons omstandighede self daardie besluite namens ons neem* en beheer oor ons lewens oorneem. Daar is geen waarborg dat ons omstandighede die regte besluite sal neem nie. Indien ons ŉ spesifieke doel wil bereik moet ons deurentyd in die *rigting van hierdie doel mik*, totdat ons dit bereik het.

Indien ek ŉ reis vanaf Johannesburg na Kaapstad aflê, sal ek nie in die motor klim en die tog begin sonder om die stuurwiel vas te hou nie, dit sou fataal wees. Ek sal ook nie by die halfpadmerk kom en sê:

*"My motor is nou in die regte rigting gerig; ek kan maar die stuurwiel los, want ek sal wel daar uitkom!"*

Nee! Ek sal ŉ aaklige ongeluk veroorsaak. Ek moet daardie stuurwiel stewig vashou vir die hele pad. Alleen dán sal ek by Kaapstad uitkom. Ons het nou vasgestel dat ons keuses baie belangrik is, en dat ons konsekwent op daardie besluite moet reageer en nie afwyk van die rigting waarheen die besluite ons stuur nie, totdat ons by ons doelwit uitkom. Daar is egter ŉ ander probleem!

Ons groot probleem is,

*"Hoe kan ek altyd seker wees dat ek die regte besluit neem?"*

Ek het al geleer dat indien ek absoluut seker is dat ek die regte besluit geneem het, dit makliker is om deurentyd by daardie besluit te hou ten spyte van probleme wat mag opduik. Dit gebeur dikwels dat moeilikhede voor ons opdoem na ons 'n besluit geneem het, en dat ons in die versoeking kom om die besluite te verander.

Indien ons aanvanklik onseker is oor die korrektheid van ons besluite, het ons geen rede om daaroor standpunt in te neem nie. Dan word ons wuiwende riete in die wind, afhangend van die druk van veranderende omstandighede wat oor ons lewenspad kom. Mense wat nie helder en besliste besluite kan neem en daarby staan nie, sal nooit suksesvol wees nie!

Hoe kan ons dan seker wees dat ons deurentyd die regte besluite neem?

Hoofstuk 2 volg ....

Die volledige boek Bybelse beginsels van besigheid kan op my webwerf in Engels en Afrikaans onder die boeke afdeling bestel word.